



Brief vanaf die Hoofbeampte

Geagte Lede

'n Nuwe president, 'n verhoging in die BTW-koers en die Australiese krieketspan in skande gedompel deur 'n sameswering om op die veld te konkel... beslis 'n jaar wat met 'n knal weggespring het! Indien dit 'n aanduiding is van wat nog voorlê, kan 2018 'n besige en gebeurtenisvolle jaar wees!

Soos gewoonlik het die Trustees van die LA Aftreefonds onvermoeid bly werk om seker te maak die Fonds bied steeds die beste voordele aan ons lede en dat ons alles in ons vermoë doen sodat u 'n gemaklike aftrede kan hê.

In hierdie volgepakte nuusbrieff herinner ons u aan die twee nuwe voordele wat by ons bestaande aanbod

gevoeg is, en waarom dit so belangrik is om vir aftrede te spaar. Ons verskaf ook 'n paar hoogtepunte uit die onlangse Nasionale Begrotingsrede.

Lekker lees!



Ilse Hartlief
Hoofbeampte

NUWE VOORDELE

U het onlangs inligting ontvang oor die volgende voordele wat by u bestaande voordele gevoeg is:

Vrywillige Begrafnisskema vir Uitgebreide Familie

Met ingang van 1 Februarie 2018 het u nou die verdere opsie om bekostigbare begrafnisdekking vir LEDEVAN U UITGEBREIDE FAMILIE uit te neem. Hierdie kostedoeltreffende vrywillige begrafnisskema vir uitgebreide familie word deur Sanlam onderskryf.

Hierdie aanbod kan op enige stadium gedurende u lidmaatskap van die Fonds aanvaar word. Daarby kan u lede van u uitgebreide familie byvoeg of van die skema afhaal soos wat en wanneer u omstandighede verander. Die maandelikse premies vir hierdie voordeel sal per debietorder van u bankrekening afgetrek word.

Vrywillige Kritiekeseiekte dekking


As u op 1 Februarie 2018 'n aktiewe lid van die Fonds en jonger as 63 is, sou u onlangs inligting ontvang het wat u die eenmalige geleentheid bied om hierdie bekostigbare dekking te kry.

Hierdie vrywillige voordeel, wat deur Momentum verskaf word, is daarop gemik om lede te help met enige potensieel oorweldigende uitgawes en leefstylaanpassings wat deur 'n kritieke siekte of toestand meegebring is.

Indien u belangstel in hierdie dekking moet u 'n aansoekvorm voltooi en nie later nie as 31 Mei 2018 indien. Let asseblief daarop dat u besluit finaal en onherroeplik is en as u dit aanvra, dekking op 1 Junie 2018 sal begin.

Ons sal die besonderhede van daardie lede wat die voordeel gekies het, teen 30 Junie 2018 aan alle werkgewers voorsien omdat die premies maandeliks op dieselfde wyse belas moet word as wat tans die geval is met ongeskikheidsinkomstepremies.

Om meer oor hierdie voordele te lees of 'n aansoekvorm te kry, besoek asseblief www.laretirementfund.co.za



U FONDS, U KEUSE, U TOEKOMS

Baie van ons glo om vir aftrede te spaar, is nie iets waaroor ons nou bekommerd hoef te wees nie omdat dit “môre se probleem” is. Die realiteit is egter dat hierdie sogenaamde “môre” nader is as wat ’n mens dink.

’n Skrikwekkende statistiek is dat net 6% van werkende Suid-Afrikaners tans gemaklik kan aftree, met ander woorde hul huidige lewenstyl ná aftrede sal kan handhaaf. Tensy u vroeg beplan en goeie finansiële keuses maak gedurende u hele werkslewe, sal u een van die 94% wees wat nie die gemaklike aftrede kan geniet wat u verdien nie.

Meer as een verstandige keuse is nodig om ’n finansiële toekoms te verseker – dit verg baie noukeurige beplanning en toewyding. Die beste manier om vir aftrede te spaar is... stadig oor ’n lang tydperk, verkieslik vir ten minste 35 of 40 jaar. Hoe vroeër u geld in ’n aftree-spaarrekening begin plaas, hoe meer rente sal u oor ’n tydperk opbou. Dit is die ware krag van saamgestelde rente!

Vroeë onttrekking bly een van die hoofredes waarom Suid-Afrikaners nie gemaklik kan aftree nie. U kan gedurende u werkslewe besluit om nuwe geleenthede en uitdagings te aanvaar en dus meer as een keer van werkgewer verander. Om van werkgewer te verander, gee elke slag toegang tot u aftreespaargeld. Maar dit is juis die tyd dat u as lid die versoeking van onmiddellike bevrediging moet teenstaan en verstandig oor u toekoms moet besluit.

As lid van die LA Aftreefonds kan u u voordeel bewaar deur:

- Die volle voordeel in die fonds te hou en ’n uitgestelde lid te word;
- Die volle voordeel na ’n ander goedgekeurde fonds oor te plaas; of
- ’n Gedeelte van u voordeel na ’n ander goedgekeurde fonds oor te plaas en die balans in kontant te neem.

Alhoewel ons verstaan dat dit aantreklik kan wees om bestebare kontant te hê ná u onttrekking uit ’n aftreefonds, is die keuse eintlik klinkklaar... ’n Mens kan seker maak van ’n veilige finansiële toekoms, of u kan u hele lewe lank werk net om op u oudag finansiële swaar te trek!

Elke jaar wat u u rente herbelê het (met ander woorde nie daaraan geraak het nie), verbeter die kanses wesenlik dat u

geld aan die einde van u werkslewe tot ’n ordentlike neseier sal aangroei. Omdat ons ons hele lewe lank spaar en belê, kan die krag van saamgestelde rente jaarlik die verskil maak tussen aftrede met sekuriteit, of afhanklikheid van ander wanneer ons ouer word.

Wat spaar vir aftrede betref, is daar geen kortpaaie nie. Belê verstandig, dra soveel as wat u kan by, so lank as wat u kan. Moenie bang wees om finansiële advies te kry nie, en weerstaan die versoeking om u aftreespaargeld te bestee op enigiets anders as u aftrede!

Onthou dit is

U FONDS, U KEUSE, U TOEKOMS...



BEGROTING 2018

Die 2018-begrotingstoespraak is op 21 Februarie 2018 gelewer. Ons het 'n samevatting opgestel sodat u kan sien hoe dit u sak gaan raak.

Die BTW-koers is met ingang van 1 April 2018 van 14% tot 15% verhoog.



'n Verdere styging in die koste van basiese verbruiksgoedere kan dus verwag word.

Die gesondheidsbevorderingsheffing, waarvolgens belasting op die suikerinhoud van sap en koeldranke gehef sal word, is vanaf 1 April 2018 van krag.



Die belastingkoers is 2.1c/gram suikerinhoud bokant 4 g/100 ml.



Die sondige plesiertjies kos nou meer

Diegene wat ongefortifiseerde wyn verkies, sal 'n bykomende 23c per 750 ml moet opdok. Siders en alkoholiese vrugtesappe is 15c per 340 ml op. Die prys van sterk drank (spiritualieë) is R4,80 per 750 ml hoër. 'n Pakkie van 20 sigarette kos R1.22 meer. Sigare is R6,45 per 23 kg duurder.

Die brandstofbelastingheffing is met ingang van 4 April 2018 met 22c per liter verhoog.



Belê in 'n meer brandstofdoeltreffende motor, of sny u brandstofuitgawes deur 'n saamryklub te begin.

Boedels bokant R30 miljoen sal nou teen 25% belas word.



Maak seker u huis is voldoende gewaardeer.



Studente uit gesinne met 'n inkomste van minder as R350 000 per jaar sal gratis hoër onderwys en opleiding ontvang.

'n Bykomende bedrag van R57 biljoen is toegewys om die stelsel van gratis hoër onderwys op medium termyn te finansier. Dit sal 'n breër belastingbetalersbasis in toekomstige jare skep en ook die vaardighede en talent wat korporatiewe Suid-Afrika kan ontwikkel en bied, verhoog.

Die begrotingstoespraak raak ons almal op een of ander manier. Dit is veral 'n herinnering aan hoe vinnig lewenskoste styg. Des te meer rede dat u nou al die nodige stappe doen om seker te maak u is op koers na 'n gemaklike aftrede.

ALGEMENE JAARVERGADERING BINNEKORT HIER!

Die LA Aftreefonds kondig met trots aan dat sy 34ste Algemene Jaarvergadering binnekort gehou sal word.

'n Groot dankie aan daardie plaaslike owerhede wat afgevaardigdes aangewys het om ons AJV by te woon en al die besonderhede aan ons verskaf het. Daarby het ons besluit om 'n uitnodiging te rig aan al ons lede wat graag wil en ook kan, om by ons aan te sluit wanneer ons die uitdagings en suksesse van die afgelope jaar, asook ons visie vir die toekomstige jaar, bespreek. Lede wat nie deur hul Plaaslike Owerhede as afgevaardigdes aangewys is nie, sal net waarnemerstatus op die vergadering hê.

Die AJV sal op Vrydag 25 Mei 2018 om 09:00 in die CR Louw-lesingsaal by Sanlam se hoofkantoor in Strandweg, Bellville gehou word.



As 'n lid van die LA Aftreefonds is dit belangrik dat u dit bywoon omdat u bydrae van onskatbare waarde is in die verwesenliking van ons visie.

Ons hoop om u daar te sien!

HET U BESONDERHEDE VERANDER? STEL ONS ASSEBLIEF IN KENNIS.

Moet asseblief nie vergeet om die LA Aftreefonds in te lig as u adres, persoonlike besonderhede, selfoonnommer en/of e-posadres verander het nie. Ons wil graag seker maak dat alle Fondsmededelings u betyds bereik.